15.2 RAPPORT 2 – DEPUTATE DIAKONALE SAKE – ALGEMEEN (Art 77)

15.2 REPORT 2 – DEPUTIES DIACONAL AFFAIRS – GENERAL (Art 77)

A. Ds FJ Potgieter stel die Rapport.
Rev. FJ Potgieter tables the Report.

B. **Besluit:** Die Sinode spreek sy dank uit teenoor br HSJ Vorster vir negentien jaar se getroue diens as Skakeldeputaat van SDDS.
Decision: The Synod expresses its gratitude to Br HSJ Vorster for nineteen years of faithful service as Liaison Deputy of SDDS.

C. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report is concluded while the Synod is in session.

D. **RAPPORT / REPORT**

1. Opdrag (Acta 2003:146, 2.2)	**1. Mandate (Acta 2003:146, 2.2)**
1.1 Die Deputate beheer alle diakonale inrigtings van die GKSA in samewerking met die plaaslike kerk in wie se ressort die bepaalde inrigting sorteer.	1.1 The Deputies is to manage all the diaconal bodies of the GKSA in cooperation with the local church where the relevant institution operates.
1.2 Om ten opsigte van diakonale inrigtings koördinerend op te tree, met die kerkverband te skakel, geldelike hulp te bied, die administrasie en organisasie deur 'n Skakeldeputaat te reël, ingesamelde gelde vir die inrigtings te administreer.	1.2 This includes duties such as: coordination, communicating with the denomination, offering financial aid, arranging for administration and organisation via a contact deputy, administering monies.
1.3 Om as verteenwoordigers van die kerkverband alle eiendomme wat kragtens sy opdrag verkry is, te beheer en in die regte belang daarvan op te tree.	1.3 As representatives of the denomination, they manage all property accrued for the denomination's task in the best interest of the denomination.
1.4 Om pro-aktief op te tree deur skakeling en koördinering van alle diakonale werksaamhede van die Gereformeerde Kerke.	1.4 They are to pro-actively coordinate and integrate all diaconal activities of the GKSA.
1.5 Om te skakel met die owerheid en ander barmhartigheid- en liefdadigheidsinrigting volgens KO, art 26.	1.5 They must liaise with the authorities and other charitable institutions, in accordance with CO, Art. 26.
Besluit: Punte 1.1 tot 1.5 kennis geneem.	**Decision: Points 1.1 to 1.5 noted.**
2. Sake waarvan die Sinode kennis neem	**2. Matters that the Synod takes note of**
2.1 *Beheer: Diakonale inrigtings*	2.1 *Management: Diaconal Institutions*
2.1.1 Daar is 'n diskrepansie tussen die opdrag soos uiteengesit in punt 1.1 en die konstitusie van die Kinderhuise (Acta 2012:102, 1).	2.1.1 There is a discrepancy between the instruction as set out in point 1.1 and the constitutions of the children's homes (Acta 2012:102, 1).
2.1.2 Dit word voorgestel dat die opdrag soos uiteengesit is in 1.1 gewysig word sodat dit ooreenstem met die konstitusie van die kinderhuise nl: "Die Deputate beheer alle diakonale inrigtings van die GKSA". Dit is ook hoe dit in die praktyk geskied.	2.1.2 It is suggested that the instruction set out in 1.1 be amended to correspond with the constitution of the children's homes, namely: "The Deputies manage all diaconal institutions of the GKSA." This is also how it occurs in practice.
2.1.3 Beheer oor die inrigtings is deurlopend uitgevoer deur voortdurende	2.1.3 Management of the institutions occur continuously by means of regular

kommunikasie tussen die Deputate en die Kinderhuis besture. Die Deputate ontvang kwartaalliks 'n verslag van die onderskeie inrigtings wat op die Deputate se vergadering hanteer word. Die inrigtings se begrotings dien ook jaarliks op die begrotings vergadering van die Deputate.	communication between the Deputies and the management of the children's homes. The Deputies receive a quarterly report from the different institutions that is tabled at the Deputies' meeting. The institutions' budgets are also included on the agenda of the annual budget meeting of the Deputies.
2.2 *Diakonale inrigtings*	2.2 *Diaconal Institutions*
2.2.1 Koördinering tussen inrigtings	2.2.1 Coordination between institutions
2.2.1.1 Die Deputate het voortdurend met die diakonale inrigtings gekommunikeer om behoeftes te bepaal en moontlike onenigheid tussen inrigtings op te los en werkbare oplossings te vind.	2.2.1.1 The Deputies communicated regularly with all the diaconal institutions to determine needs and to resolve any division between institutions and find practical solutions.
2.2.2 Skakeling met kerkverband	2.2.2 Communication with the churches
2.2.2.1 'n Leemte in skakeling met die kerkverband ten opsigte van diakonale inrigtings is geïdentifiseer. Dit is die voorneme van die Deputate om hierdie leemte in die volgende termyn aan te spreek en te verseker dat die kerkverband ingelig bly ten opsigte van behoeftes, vreugdes en hartseer by die onderskeie inrigtings.	2.2.2.1 A lack of communication with the churches over the diaconal institutions was identified. The Deputies intend to address this shortcoming during the next term and ensure that the churches stay informed of the needs, joys and sorrows of the different institutions.
2.2.3 Finansiële hulp	2.2.3 Financial aid
2.2.3.1 Die Deputate het 'n voorsorgfonds vir elke diakonale inrigting gestig.	2.2.3.1 The Deputies created a provident fund for each diaconal institution.
2.2.3.2 Dit is die Deputate se oogmerk om, deur middel van winste wat gemaak word vanuit die bedrywighede by Glenzicht Aftree-oord, geldelike hulp aan die diakonale inrigtings te kan bied, afgesien van kollektes en donasies wat uit die kerkverband en ander oorde ontvang word. Geldelike hulp is dus afhanklik van wins gegenereer deur Glenzicht aftree-oord.	2.2.3.2 The Deputies aim to offer financial aid to diaconal institutions by means of the profits gained from the operations of the Glenzicht Retirement Home, aside from collections and donations received from the churches and elsewhere. Monetary aid is therefore dependent on profits generated by the Glenzicht Retirement Home.
2.2.3.3 Dit was aan die einde van die 2020 boekjaar moontlik om geld aan die voorsorgfonds toe te deel waaruit die diakonale inrigtings kapitale verbeteringe kon aanbring. Daar was ongelukkig geen wins aan die einde van die 2021 boekjaar om toe te deel nie. Die Deputate is nog die 2022 geouditeerde state afwagtend om te sien of daar na hierdie boekjaar 'n toedeling gemaak kan word.	2.2.3.3 It was possible at the end of the 2020 fiscal year to allocate monies to the provident fund from which the diaconal institutions could make capital improvements. There were, unfortunately, no profits at the end of the 2021 fiscal year to allocate. The Deputies is still awaiting the 2022 audited statements to determine whether any monies can be allocated after this fiscal year.
2.2.4 Administrasie en organisasie deur Skakeldeputaat	2.2.4 Administration and organisation by Liaison deputy
2.2.4.1 Br Hannes Vorster het na 19 jaar, aan die einde van Oktober 2021, as	2.2.4.1 Br Hannes Vorster stepped down at the end of October 2021, after 19 years.

Skakeldeputaat uitgetree. Die Deputate wil hom bedank vir die werk wat hy oor byna twee dekades gedoen het.	The Deputies would like to express thanks for the work he did over almost two decades.
2.2.4.2 Sr Anri Kotzee het op 1 November 2021 as die nuwe Skakeldeputaat met haar werksaamhede begin. Ons bid haar die seën van die Here toe op die dienswerk wat sy in hierdie verband gaan verrig.	2.2.4.2 Sr Anri Kotzee took over on 1 November 2021. We pray for the Lord's blessing in all endeavours in this regard.
2.2.5 <u>Administrasie van ingesamelde fondse vir diakonale inrigtings</u>	2.2.5 <u>Administration of collected funds for diaconal institutions</u>
2.2.5.1 Alle fondse wat in die Deputate se bankrekening ontvang word vir die diakonale inrigtings word in oorleg met die Administratiewe Buro namens die inrigtings geadministreer en op 'n maandelikse basis tussen die inrigtings verdeel. Sou die fondse wat ontvang word vir 'n spesifieke inrigting geoormerk wees, word die fondse dienooreenkomstig aan die inrigting oorbetaal. Enige ander fondse word 50/50 tussen die inrigtings verdeel.	2.2.5.1 All funds deposited into the Deputies bank account for diaconal institutions are administered in consultation with the Administrative Bureau on behalf of the institutions and divided among the institutions on a monthly basis. Should the funds received be earmarked for specific institutions, the funds are transferred to the relevant institution. Any other funds are equally divided between the institutions.
2.3 *Eiendomme*	2.3 *Properties*
2.3.1 Die SDDS Maatskappy is geïnkorporeer as 'n Maatskappy Sonder Winsbejag en sonder lede of aandeelhouers soos gedefinieer in die Maatskappywet 2008.	2.3.1 The SDDS Company is incorporated as a non-profit company without members or shareholders, as defined in the Companies' Act of 2008.
2.3.2 Alle eiendomme is geregistreer in die naam van die SDDS Maatskappy en word dienooreenkomstig beheer. Eiendomme sluit onder andere die geboue van die diakonale inrigtings en Glenzicht aftree oord in.	2.3.2 All property is registered in the name of the SDDS Company and are managed accordingly. Such property includes *inter alia* the buildings of the diaconal institutions and Glenzicht Retirement Home.
2.4 *Skakeling na binne*	2.4 *Internal communication*
2.4.1 In die afgelope termyn het die Deputate deur middel van die Skakeldeputaat per e-pos en telefonies met diakonieë en Kerkrade gekommunikeer oor verskeie sake. Die Deputate kan getuig dat daar wisselende reaksie op skrywes is. Aan die een kant wil dit voorkom of briewe somtyds nie die nodige aandag geniet nie. Aan die ander kant is daar oorweldigend steun ten opsigte van sommige briewe. Dit wil dus voorkom of dit vir diakonieë en lidmate ook gaan oor die meriete van 'n saak.	2.4.1 Over the past term the Deputies communicated via the Liaison deputy by means of email and telephone with the diaconates and church councils about a range of matters. The Deputies report varying responses to letters. On the other hand, there has also been overwhelming support with some letters. It would thus seem that it's about the merit of a matter for diaconates and members.
2.4.1.1 Koördinering het hoofsaaklik geskied ter ondersteuning van fonds-insamelings vir Noodtoestande. As 'n reël is daar direk met die diakonieë geskakel. Daar was egter twee	2.4.1.1 Coordination mainly occurred in terms of support for fundraising for emergencies. As a rule, direct contact was made with diaconates, with the exception of two cases where the

uitsonderings waar die Deputate met ‘n Klassis geskakel het. Meer word hieroor uitgebrei in Rapport 5.	Deputies contacted a Classis. Further information about this is provided in Report 5.
2.4.1.2 Soos in die 2018 rapport van die Deputate genoem, word Diakonale Kongresse weens verskeie redes, hoofsaaklik finansieel, nie meer gehou nie.	2.4.1.2 As mentioned in the 2018 report of the Deputies, diaconal conferences are no longer held for a number of reasons – mainly financial.
2.4.1.3 In November 2021 het diakonieë in die Pretoria omgewing die inisiatief geneem om ‘n vergadering te reël waar saam gepraat is oor uitdagings en behoeftes onder diakonieë. Die SDDS is ook na die vergadering uitgenooi en die behoefte is uitgespreek vir iets soos die Diakonale kongresse wat in die verlede gehou is. Dit sal oorweeg word, dalk eerder op Klassis of Streeksinode vlak as nasionaal.	2.4.1.3 In November 2021 diaconates in the Pretoria area took the initiative to arrange a meeting to discuss the challenges and needs of diaconates. The SDDS was also invited to this meeting and the wish for the return of diaconal conferences of the past was expressed. It will be considered, perhaps on classis or regional synod level rather than national.
2.4.1.4 Die Deputate Diakonale Sake het die Facebook blad, Curantis, geskep as addisionele kommunikasie- en bemarkingskanaal.	2.4.1.4 The Deputies Diaconal Affairs created the Facebook page, Curantis, as additional communication and marketing channel.
2.5 *Skakeling na buite*	2.5 *External communication*
2.5.1 Skakeling met die Owerheid: Die Diakonale inrigtings het direk, waar nodig, met Provinsiale Departemente van Welsyn geskakel.	2.5.1 Contact with the authorities: The diaconal institutions contacted, when necessary, the Provincial Departments of Welfare.
Besluit: Punte 2.1 tot 2.5.1 kennis geneem.	**Decision: Points 2.1 to 2.5.1 noted.**
3. Sake waaroor die Sinode besluit	**3. Matters that the Synod decides on**
3.1 *Aanbeveling*	3.1 *Recommendation*
3.1.1 Dat punt 1.1 gewysig word om ooreen te stem met paragraaf 1 van die Kinderhuise se konstitusie: ‘Die Deputate beheer alle diakonale inrigtings van die GKSA’.	3.1.1 Point 1.1 is to be revised to correspond to paragraph 1 of the constitution of the children’s homes: “The Deputies manage all the diaconal institutions of the GKSA”.
Besluit: Goedgekeur.	**Decision: Approved.**